Februarie 2023

# Stellenberger

## 2023: Saam-saam onderweg

Deur: Ds. Johan Visser






Die nuwe jaar het vol verwagting aangebreek en ons het almal waarskynlik verskeie drome oor die jaar wat voorlê rakende geleenthede om lief te hê en liefgehê te word. Ons hunker daarna om God se genadegawes te ontvang, om geluk en vrede te beleef, om sukses te behaal en om almal saam 'n lewe, wat betekenisvol is, te lei. Ons wil graag 'n ruimte betree waar ons kan ontdek hoe om te groei, te ontwikkel en te floreer – 'n ontdekkingsreis onderneem waartydens ons met gemak die misterie van God en sy openbaringe aan ons, kan beleef. Hoe lyk die ruimte vir ontdekking en ontwikkeling in jou lewe vir die jaar wat voorlê?

Vervolg op bladsy 2 . . .

As geloofsgemeenskap wil ons in ons geloof gevorm word. Hier by Stellenberg-gemeente gebeur dit natuurlik op verskeie maniere en in verskillende omstandighede, bloot omdat ons elkeen op verskillende plekke van hierdie lewensreis is.

Ons elkeen beleef saam met ons familielede, vriende en kenisse verskeie roetemerkers op ons onderskeie lewenspaaie, want ons is immers as medereisigers onderweg op ons lewenstog. Ons wil daarom hierdie geloofsreis en roetemerkers op ons lewenspaaie in 2023 sigbaar in die gemeente vier.

Ons wil God se reis saam met ons, ontdek. Ons wil die Woord van God luisterend lees en sy wil vir ons onderskei.

So hoe lyk die pad vorentoe vir ons as gemeente vanjaar? Ons groep geestelike leiers het sterk daaroor gevoel dat ons in 2023 dieper moet delf en verder moet reis met die tema van verlede jaar: Behoort. Deur die loop van die jaar gaan ons dus fokus op wat dit beteken om te behoort, om te bewoon, om te bewerk en om te bewaar. Daarom dien die foto's op ons 2023-kalender, met die spekboomtakkies in verskillende hande, as simbool van die diversiteit in ons menswees, asook die spektrum van generasies in die gemeente. As geloofshuis van die Here wandel ons dan saam in sy tuin, met die wete dat Hy die een is wat ons versorg.

Ons sien uit daarna om hierdie jaar saam met elkeen van julle op reis te gaan. Mag ons langs die pad dan ook saam ontdek wat dit beteken om te behoort, om te bewoon, om te bewerk en te bewaar. Hier is huis.

Mag jy tuiskom.






# Louis van Loggerenberg aftree – nooit gesien nie . . .





**Stellenberg-gemeente was bevoorreg om sedert 2000 vir Louis van Loggerenberg as orrelis en algemene musiekleier in die gemeente te hê. Hy het aftreeouderdom bereik en moet dus noodgedwonge die leisels aan Liana Smit oorhandig, maar volgens Louis is sy werk sy stokperdjie en wanneer hy nou terugkyk oor die afgelope 23 jaar heen, voel dit nie vir hom asof hy al ooit 'n dag in sy lewe gewerk het nie.**

Louis vertel dat hy in 'n huis grootgeword het met beide ouers wat professionele musikante was. "Musiek was dus van jongs af maar in my bloed en ek het reeds op sesjarige ouderdom klavierlesse begin neem. Ek en my suster was maar baie lui om ons klavierstukke te oefen. Ek het gereeld 'n musiekles misgeloop, omdat ek nie 'lekker gevoel' het nie en my sus het weer onder die klavierstoel gesit en met die kat gespeel, tot my ma naderhand gegil het: 'Nita, jy moet oefen!' Ons is vier kinders en drie van ons het uiteindelik gekies om loopbane in musiek te volg. Ek en Nita het uiteindelik toe ook begin oefen," skerts hy.

"Ek het tydens my weermagopleiding in Kroonstad met die kerkorrel kennis gemaak. Ons kon Sondagaande van die weermagkamp ontvlug deur 'n kerkdiens by te woon. Die orrelis van die plaaslike gemeente was uitstekend en ek het daar op die klanke van 'n orrel verlief geraak. Na my diensplig het ek musiek gaan studeer omdat ek bloot nie geweet het wat anders om te doen nie. Vandaar het my lewenspad met die orrel en musiekonderwys begin en ek besef vandag dat musiek my gekies het – orrel- of klavierspel is nie die enigste opsie vir kerkmusiek nie. Musiekleiers moet juis kontemporêre musiek saam met amateurmusikante kan aanbied om kerkmusiek toepaslik te hou."

Vervolg op bladsy 4 . . .

Musiekopvoeding vir kinders en die blootstelling aan verskillende genres in musiek op skoolvlak, is net so belangrik as blootstelling aan verskillende sportsoorte, volgens Louis. "Sportstadions sit tog vol mense omdat mense reeds op skool aan spesifieke sportsoorte blootgestel is. Musiek is deel van ons almal se lewens en hoe meer blootstelling ons reeds van 'n jong ouderdom aan veskillende musiekstyle geniet, hoe beter sal mense as volwassenes ook musiekblyspele, konserte en operas ondersteun. Dit is vir my sleg dat musiekposte op 'n stadium deur die onderwysdepartement verminder is en dat kunsterade ook afgeskaf is.

Ek is jammer vir kinders in plattelandse gemeenskappe waar nog minder blootstelling aan musiek is, aangesien daar nie eens privaat inisiatiewe bestaan nie.

"Ek droom dat kinders op nasionale vlak meer blootstelling aan musiek sal ontvang. Ek dink toevallig nou aan die pa wat vir my vertel het dat sy seun se enigste motivering om skool te gaan, by Laerskool Parow-Noord, sy betrokkenheid by die skool se marimba-groep was. Dié seun het uiteindelik ook musiek gaan studeer. Daar bestaan tog soveel voorbeelde van kinders wat in arm gemeenskappe konstruktief besig gehou word met musiekprojekte en hoe hulle betrokkenheid hulle lewens verryk.

"Ek was sedert 2001 vakhoof by Laerskool Parow-Noord se musiekdepartement. Dit was wonderlike jare en ek sal altyd met waardering onthou dat die skool my die ruimte gegun het om die pos te ontwikkel en uit te brei soos ek goedgedink het. Die uiteinde was dat die skool nou spog met van die bes toegeruste musiekklasse in die Kaapse metropool. Die skool was ook bereid om ag marimbas aan te koop wat die stigting van 'n marimba-groep moontlik gemaak het. Deur middel van musiekklasse in die klaskamer het ek geleentheid gehad om die hele skool aan verskillende musiekstyle bloot te stel en 'n liefde vir musiek by die kinders te kweek."

Terug by kerkmusiek, vertel Louis dat hy oor die jare heen met nie minder nie as 21 predikante saamgewerk het. Hy onthou dat toe hy by Stellenberg-gemeente begin het, dit hom opgeval het dat lidmate se kleredrag heelwat meer ontspanne was as wat dit in Pretoria was, waar hy eers gewerk het, en waar kerkgangers nog formele pakke klere na eredienste toe gedra het.

"Ons het ook destyds 'n gemeentekoor gehad wat uit 'n hele klomp talentvolle gemeentelede bestaan het," sê Louis. "Die groot verskil tussen vorige gemeentes waar ek gewerk het en Stellenberg, was die Coram Deo-musiekgroep wat vir my soos 'n musiekfamilie geword het. Braam Hanekom het destyds die naam vir die musiekgroep voorgestel, wat 'in die aangesig van God' beteken. Die musiekgroep het bygedra dat ek nie meer alleen vir die gemeentesang verantwoordelik was nie en is ek deur 'n span positiewe, lojale mense omring saam met wie ek baie humoristiese oomblikke beleef het. Dit was ook 'n groot voorreg om saam met Liana Smit te kon begelei. Ons het 'n lekker span gevorm, en het mekaar later so goed geken dat ons veranderinge tydens begeleidings met net 'n kyk na mekaar kon doen.

Vervolg op bladsy 5 . . .

In al die gemeentes waar ek al gewerk het, het leraars besef dat musiek 'n integrerende deel van 'n erediens vorm. 'n Leraar in die tweede gemeente waar ek werksaam was, het selfs sover gegaan om lidmate vir 'n uur en 'n half op Sondae te laat sing – dít was 'n worsteling. In dieselfde gemeente het 'n ander leraar weer geglo dat Mendelsohn se troumars sonde is en hy het my verbied om dit ooit in die kerk te speel. In elke gemeente was daar ook musikale leraars en dit was altyd lekker om saam met hulle te speel. In Stellenberg kon ek my liefde vir klassieke musiek ook met leraars soos Bremer Gericke en Carel van Wyk deel."

Oor die pad vorentoe is Louis geensins onseker nie. Hy gaan voort met sy werk. Hy is outeur van musiekteorieboeke, wat hom baie besig hou en hy gaan steeds op Sondae by die musiekbegeleiding van Stellenberg-gemeente betrokke wees. Laerskool Parow-Noord het ook aan hom die geleentheid gebied om aan te bly as musiekhoof en hy gaan selfs voortaan een dag 'n week by Laerskool Eversdal klas gee.

"Ek tree nie af nie," sê Louis, "ek verander net my werksure. Gelukkig is daar darem nog skoolvakansies waartydens ek graag meer wil reis."

# 'n Nuwe lid in die span

Sheree-Lee Gildenhuys is nie 'n heeltemal onbekende gesig nie, aangesien sy reeds teen die einde van 2022 deeltyds as die administratiewe assistent van die feesmark behulpsaam was. Sy is sedert Februarie voltyds in dié pos aangestel en sal voortaan betrokke wees by die organisering van die feesmark, basaar en ander gemeentefeeste.

Sheree-Lee is 'n professionele grimeerkunstenaar en was ook voorheen haar swaer, die bekende kunstenaar, Emo Adams, se persoonlike assistent. Sy vertel dat die organisering en beplanning van funksies en byeenkomste so reg in haar kraal is en daarom is sy baie opgewonde oor die geleentheid om by die reëlings van die feesmark en ander gemeentebyeenkomste betrokke te wees.

Haar dogtertjie, die vierjarige Madison, is sonder enige twyfel haar ma se hart se punt en beslis die belangrikste persoon in haar lewe. Sy het ook 'n baie hegte verhouding met haar ma en suster en bestee baie tyd saam met haar suster en die se vier seuns.



Sheree-Lee is 'n entoesiastiese aksienetbalspeler, draf gereeld en bring graag tyd in die natuur deur. Sy beplan ook om steeds haar passie vir grimeerkuns uit te leef.

*Welkom by die span, Sheree-Lee. Ons is seker jy gaan 'n aanwins wees. Red.*

# Die portrette vertel baie stories

Deur: Sanèl Joubert



Teen die mure van die kerkkantoor se boonste verdieping is ’n galery met foto’s van die gemeente se oudleraars. Dit is my onbenydenswaardige taak om ’n foto van elke leraar wat uit die gemeente se diens tree, in die hande te kry en dit vir dié doel te laat raam. Die taak is onbenydenswaardig omdat die dienaars nie baie gewillige fotomodelle is nie en ek gewoonlik my beste oorredingsvermoëns moet inspan om die foto’s te bekom. Die foto’s lei ook tot ’n groot gespottery en geredekawel, want die kandidate het voorkeure van waar hulle aan die muur gehang wil word – die posisies naby aan die toiletdeur is blybaar nie ’n gesogte bestemming nie.

Deur die loop van die week hoor ek terloops dat die foto’s moontlik verskuif gaan word. Om welke rede, vra ek en skielik voel dit asof ek teen ’n knop in my keel vassluk. Die skielike opwel van emosie is vir my vreemd en toe ek daaroor nadink, besef ek dit is waarskynlik omdat ek soveel van die galerygesigte persoonlik ken of geken het.

My oë en gedagtes dwaal na ’n paar van die dominees en my onthou begin by ds. Nico Louw, wat aan die linkerkant van die gang, vanuit ’n sedige swart en wit foto vir my kyk. In 1987 het ek voor hom belydenis van geloof afgelê en alhoewel ek baie min van die katkisasielesse kan onthou, sal ek sy destydse vermaning dat ons oor groot besluite moet bid, nooit vergeet nie. Bid sommer nou reeds vir jou toekomstige huweliksmaat, jou beroepskeuse of enige ander groot besluit waarvoor jy moontlik te staan gaan kom, het hy voorgestel. Die aand toe hy my gekomplimenteer het oor ek nog nie voor die heersende modegier geswig het en my gladde hare laat perm het nie, skiet my ook te binne. Min het hy geweet dat my afspraak vir die veelbesproke perm reeds gemaak was, want dit was immers die tagtigs en ’n mens se hare moes wild en groot wees.

Koosie Delport, darem al in ’n kleurfoto, hang regs van hom. In 1992 beland ek en my aanstaande tydens ’n huweliksvoorbereidingskursus in ds. Koosie en sy vrou, Marietjie, se reusagtige pastoriesitkamer. ’n Suksesvolle huwelik, het hy ons destyds ingelig, het min met die liefde, die huweliksonthaal en al die ander vooropgestelde idees wat ’n mens rakende die instelling het, te make. Dit is ’n wilsbesluit, het hy ons ingelig – een wat beide partye in die huwelik moet neem en nastreef! ’n Groter waarheid sou ons seker nie gou weer hoor nie. Ons paaie en die van die paartjie wat regs van ons in die groot sitkamer gesit het, het ook etlike jare later weer gekruis toe ons jongstes tydens hulle hoërskooljare boesemvriendinne geword het.

Vervolg op bladsy 7. . .

Dan skuif Braam Hanekom nader en ek onthou die koshuiskamp wat hy tydens my eerstejaar op universiteit aangebied het. Min het ek toe geweet dat Braam my jare later as werknemer by Stellenberg-gemeente sou aanstel. Ek onthou die onderhoud en sy onberispelike hoflikheid steeds klokhelder.

Ek sien vir Charlie Holtzkamp en roep die huweliksverrykingskursus saam met hom en sy vrou gedurende 'n koue, reënerige naweek by die Bloemendalplaas, in my herinneringe op. Hulle eerlikheid oor hul eie broosheid sal my altyd bybly en asook die voorreg om steeds bevriend te wees met 'n egpaar wat die kursus destyds saam met ons bygewoon het. Ons het verlede jaar rondom 'n braaivleisvuur in die Drakensberge weer lekker saam gelag oor een van die opdragte wat Charlie ons destyds laat uitvoer het.

Carel van Wyk se vriendelike en gemaklike kuier in ons huis vir een van die kinders se doopgesprekke, kom by my op en ek gebruik steeds die mooi suikerlepeltjie wat hy vir elke werknemer in die kerkkantoor gegee het toe hy na die Paarl verskuif het.

Vir Bremer Gericke sien ek in 1987 vir die eerste keer toe hy op die verhoog van my hoërskool se saal spring en sy ou skoollied uit volle bors voor die hele matriekklas sing. Al dié manewales was om ons te oorreed om die skoolverlaterskamp op Melkbosstrand by te woon. In 2001 loop ons hom weer raak toe hy ons as nuwe intrekkers in die gemeente verwelkom. In die tyd toe my kind baie siek was, het hy laat saans by ons huis opgedaag, om sommer net 'n bietjie met haar te gesels, het hy gesê. Dan was ek dikwels verbaas om te hoor hoe eerlik en gemaklik sy met hom praat. Dié einste meisiekind het my 'n paar weke gelede gevra hoe oud oom Bremer dan nou is, want sy wil net seker maak dat hy haar nog eendag kan trou. Sy sal hom blykbaar self van Barrydale af aanry om haar in die eg te verbind, want sy kan haar nie voorstel dat enige iemand anders as hy dit moet doen nie.

Herinneringe aan Willem Malherbe en Why Duvenhage, getroue herders wat altyd met uitreike en kosvoorsieningsprojekte besig was speel voor my af.

Ek sien in my geestesoog hoe Callie Visagie dikwels nat gesweet, met tien planne in sy mou en altyd ewe optimisties, oor die terrein skarrel om byeenkomste soos die basaar, gemeentekampe en feesmark vlot te laat verloop.

Dis toe dat ek besef dit is mos eintlik 'n geloofspad wat hier voor my afspeel – dit waaroor ons nou so baie in die gemeente praat. Dié pad is so dikwels vol slaggate met erg verweerde rande, maar deur die genade is daar altyd 'n paar engele langs jou lewenspad wat 'n mens weer na die binnebaan toe terugdruk.

Ons moet voortdurend vernuwe, maar soms is dit ook goed om terug te kyk en jouself te herinner aan die genade wat tot jou beskikking was. Die kiekies teen die muur vertel van groot en diep spore wat in die lewens van baie mense getrap is en meer nog, dat die storie nie klaar is nie en die saam stap nog glad nie verby is nie.

# Graad 8-kamp sorg vir vele mooi herinneringe

Deur: Tian Brand





Soos enige Stellenbergkamp by Apostelbatterykampterrein, was die graad 8-kamp van 2023 werklik 'n fantastiese en unieke belewenis. Elke geleentheid wat 'n mens kry om jou voet op daardie berg te plaas, bied nuwe ervarings waartydens jy die grootheid en heiligheid van God beleef.

Al was dit party van die graad 8-leerders se heel eerste blootstelling aan só 'n kampomgewing, dink ek dat minstens sommige van hulle die bogenoemde oortuiging met my deel. Die laataandavonture in die pikdonker tonnels, die groot en swaar trek af na Llandudno se strand toe en weer terug teen die steil opdraandes, die klim op na die reservoir . . . dit is maar 'n handjievol van die vele genotvolle aktiwiteite wat ek glo ook die meeste graad 8's vorentoe in hulle lewens sal bybly.

Die inhoudslesse is gesamentlik deur ds. Marius Schoombie, alias Microsoft, sy bynaam wat deur die groep hoofleiers aan hom toegeken is, ds. Marius Louw, jeugleraar van Sonstraal-gemeente, asook leiers van Stellenberg Hoërskool se studenteraad en lede van die CROSS-vereniging, aangebied. Die lesse het leerders met praktiese raad en wysheid vir die komende hoërskooljare toegerus.

'n Spesiale woord van dank moet natuurlik gerig word aan Plofstof, die gemeente se jeug-band. Hulle teenwoordigheid en aanbieding van lofprysingsgeleenthede het telkens daartoe bygedra dat die Gees van God werklik tasbaar beleef kon word.

Die kosspan van Apostelbattery verdien ook spesiale melding. Dit is 'n titaniese verantwoordelikheid om maaltye aan tot driehonderd kampeerders te voorsien, maar die kosspan is werklik staatmakers en ons het heerlik geëet.

Ek wil die volgende persone graag ook persoonlik bedank: Elke leerder en leier wat tyd afgestaan het om ons graad 8-leerders te begelei en te help ontwikkel, elke student- en volwasse vrywilliger, diegene wat verseker het dat die administratiewe reëlings vlot verloop, al die ouers wat ons toegelaat het dat ons hul kinders vir 'n kort rukkie kon leer ken, en dan natuurlik ook vir elke graad 8-leerder wat die kamp bygewoon het en op dié wyse iets van die Stellenberg-familie beleef het.

Vervolg op bladsy 9 . . .

Laaste, maar beslis nie die minste nie, sê ek dankie aan die Here vir die geleentheid wat Hy aan ons gegee het om weer ons jeugkampe voort te sit ná die afgelope twee jaar wat dit weens inperkingsmaatreëls nie moontlik was nie. Hy het ons graad 8-kamp geseën en DV sal Hy beslis saam met elkeen van hierdie leerders op hulle lewenspad tydens hulle hoërskooljare onderweg wees.

|Tian Brand het grootgeword in Stellenberg-gemeente en studeer tans voltyds teologie aan die Universiteit van Stellenbosch.

# AnniBrand spog met 'n nuwe baadjie




Die jeugkommissie het aan die einde van verlede jaar omtrent diep gedink, heelwat geteken en koppe bymekaargesit om die Annibrand-logo te vernuwe en ons is baie in ons skik met die eindresultaat en die simboliek wat die nuwe logo verteenwoordig.

Vuur is 'n belangrike simbool in die Bybel. Dit is 'n toonbeeld van God se teenwoordigheid, lewe, verandering, energie, lig en die Heilige Gees. Die kruis van Christus is weer, uiteraard die sentrale simbool van liefde, opoffering en Christus se opstanding, wat op nuwe lewe dui.

Die Annibrand-logo beeld uit dat God ons elkeen met sy vuur en gees laat vlamvat. Hy steek ons aan om vir Hom in die wêreld te brand. Die kruis bevestig dan dat die vuur vanuit die kruis van Christus deur ons voortvloei. Die nuwe logo versinnebeeld wat dit beteken om 'n kerk, wat vir Christus brand, te wees.

Saam met die nuwe logo is ook 'n opwindende fondsinsamelingsgeleentheid vir uitreikprojekte ook geskep. Die mediaspan het derhalwe 'n klerereeks, wat deur alle Stellenberglidmate gedra kan word, ontwerp. Die inkomste van die verkope sal ten bate van ons verskeie uitreikprojekte aangewend word.

Die klere word plaaslik vervaardig en skep werk vir mense in die omliggende gemeenskappe. Deur die Annibrand-klere te dra, dra 'n mens by om die evangelie te verkondig en leef jy ons gemeente se visie uit – om uit te reik oor alle grense heen. Kom ons steek God se koninkryk aan die brand met sy vuur.

*Bestelvorms sal eersdaag op Annibrand se sosialemediabladsye, asook die bulletin beskikbaar wees. Ons gee graag aan Kayla Brand erkenning vir die ontwerp daarvan.*

# Terugvoer oor die gemeente se geldsake

Deur: Ds. Marius Breytenbach en Marius Saayman

Net soos vele ander instansies, moes ook ons die afgelope aantal jare sedert die Covid-19-pandemie en weer nou met die elektrisiteitskrisis, asem ophou om ons inkomste en uitgawes te bestuur. Maar ons is geseën en dankbaar om darem nog elke jaar binne ons verlaagde begroting vir die jaar te kon bly.

Ons is daarom opreg dankbaar vir elke lidmaat wat die gemeente deur die jaar finansieel ondersteun sodat ons getrou aan ons visie, om uit te reik oor alle grense heen, kan bly, maar ook kan voortgaan om ons eie lidmate suksesvol te bedien. Met die uitdagings wat ons samelewing die afgelope jare getref het, het ons binne gemeenteverband opnuut bewus geword van die fisiese en geestelike nood van ons eie lidmate, die breë gemeenskap en ander instansies en plekke waar ons betrokke is.

Elke finansiële jaar in die gemeente begin met 'n nul-balans en daarna is ons net in geloof van die volgende inkomstebronne afhanklik: Sondagkollektes, maandelikse dankoffers, die tiendemaandinsameling en die jaarlikse basaar. Benewens genoemde bydraes deur ons lidmate, probeer ons ook die inkomste met die jaarlikse feesmark aanvul, asook deur die verhuring van selfoontorings, ons geboue en fasiliteite.

Nadat die kerkraad op 'n strategie en beplande fokusse vir die volgende jaar besluit het, stel die onderskeie kommissies van die kerkraad (getuienis, geestelike sorg, eredienste, jeug, toerusting en ondersteuning) elk sy eie begroting op en poog dan om die verwagte inkomste en uitgawe te laat klop. Die kommissies dra die verantwoordelikheid om elke maand se uitgawes en inkomstes nougeset te bestuur. Dit doen hulle deur eerstens te verseker dat die beplande aksies wel uitgevoer word en tweedens deur te verhoed die jaar word nie met 'n tekort afsluit nie.

Ons probeer ook die beginsel handhaaf om ongeveer 'n derde van ons inkomste na buite die gemeente aan te wend. Indien 'n jaar met 'n oorskot afsluit, word ook 'n bykomende derde daarvan volgens hierdie beginsel bestee, terwyl die restant vir kapitaalprojekte, of die afbetaling van moontlike skuld toegewys word. Bo en behalwe ons begroting, is 'n omgeetrust ook gestig om – onafhanklik van die gemeente – kapitaalprojekte rakende nood buite die gemeente te finansier.

Dit het die kerkraad in November 2022 gelei tot die besluit om binne die makro-opset van die gemeente meer gefokus en geïntegreerd by uitreikprojekte betrokke te raak en deur lidmaatbetrokkenheid 'n groter verskil te probeer maak. Die volgende plekke/gemeenskappe, waarmee ons 'n lang verbintenis het, is geïdentifiseer:

- MES Bellville, 'n gemeenskapsorganisasie wat hulle vir armoedeverligting beywer. Ons betrokkenheid behels kontantbydraes, kosvoorsiening en geestelike ondersteuning.
- Klipheuwel, 'n informele gemeenskap buite Durbanville waar kosvoorsiening, onderwys, gemeenskapsontwikkeling en geestelike ondersteuning prioriteit geniet.

Calitzdorp, Leeu-Gamka, Beaufort-Wes en Prins Albert word tydens jaarlikse uitreike deur die jeug en lidmate bedien sodat die gemeenskappe fisies en geestelik ondersteun word.

Vervolg op bladsy 11 . . .

In 2 Korintiërs 9:8 getuig Paulus die volgende oor ’n plaaslike geloofsgemeenskap: "En God is by magte om aan julle alles in oorvloed te skenk, sodat julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk". Dankie vir almal in Stellenberg wat in hierdie geloof binne die gemeente meeleef.

*Hoe kan ek finansieel tot Stellenberg-gemeente bydra?*

- Die bankkollektes is vir die gemeente se inkomste, terwyl die weeklikse deurkollektes vir instansies buite die gemeente ingeneem word.

- Maandelikse dankoffers. Dit kan geskied deur debietorder (die vorm is op stellenberg.co.za beskikbaar), kontant, of direkte bankoordrag na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

- Die SnapScan-toepassing kan ook gebruik word. Laai die toepassing op jou slimfoon af en skandeer die onderstaande kode wanneer die toepassing oopgemaak word.

- Jaarlikse tiendemaanddankoffer. Die insameling geskied vanaf Oktober tot Januarie deur debietorders, kontantbydraes of direkte bankoordragte.

- Ondersteun byeenkomste soos die basaar en die feesmark.

- Maak ’n bydrae tot die omgeetrust, Absa-tjekrekening 929 298 5798, takkode 623005.

Soos in enige onderneming verg die gemeente se geldsake ook goeie beplanning en bestuur. Ons is dankbaar teenoor lidmate verbonde aan die finansiële kommissie vir die kundigheid en ervaring wat hulle elkeen in dié verband met die gemeente deel.

| Ds. Marius Breytenbach is lid van die gemeente se finansiële kommissie en Marius Saayman is die voorsitter van die kommissie.

**Stellenberger**

**Samesteller:** Sanèl Joubert **Taalversorging:** Annemarie Spies

**Bydraes en voorstelle:** sanel@stellenberg.co.za 021 976 4519

NG kerk Stellenberg, Edelweissweg, Eversdal www.stellenberg.co.za

# My huwelik is in die moeilikheid! Wat nou?

Deur: Rudolph van Schoor

Onlangs het jare lange vriende van my uit die bloute vertel dat hulle beoog om te skei en ek was werklik geskok. Hulle het, soos ons almal, alledaagse uitdagings wat in elke huwelik bestaan, beleef, tog het hulle op die oog af altyd gelukkig voorgekom.

Natuurlik is 'n mens se eerste vraag in so 'n situasie wat die rede vir die besluit was en ek was dus nie verbaas nie toe ek dieselfde antwoorde, wat ek daagliks in my spreekkamer aanhoor, ook by hulle hoor.

- Ons leef by mekaar verby.
- Meningsverskille oor dieselfde goed steek aanhoudend kop uit en ons kry dit nie opgelos nie.
- Ons verstaan mekaar nie meer nie.
- Ons verskil oor hoe ons die kinders moet grootmaak en kom net nie tot 'n vergelyk nie.
- Ons seksuele verhouding is tot niet.

Die lys van redes waarom mense skei, is baie lank en daar is items op die lys wat baie sleg en selfs lewensgevaarlik is, soos:

- Gesinsgeweld
- Middelmisbruik
- Owerspel

Die vraag bly egter staan, hoekom skei soveel paartjies? Die vyf groot redes wat navorsing bevestig, is geld, seks, inmenging van skoonfamilie, owerspel en verslawing aan sosiale media. Ek is vanuit 'n menslikegedragsoogpunt nuuskierig oor wat die onderliggende dinamika in sulke huwelike is.



Die noordelike voorstede van Kaapstad word as een van die areas in die land met die hoogste egskeidingsyfer beskou. Ek kon nie navorsing opspoor wat uitsluitlik fokus op die redes vir egskeidings spesifiek in die noordelike voorstede nie – veral nie om gedragsredes nie.

Uit gesprekke met terapeute, mediators en prokureurs wat egskeidingslitigasie behartig, is daar wel sekere algemene patrone wat na vore tree:

Mense luister net om te bevestig dat hulle reg is, of om 'n antwoord te kry. Luister met die behoefte om my maat te verstaan, ontbreek.

- Hardkoppigheid – ek is reg en jy is verkeerd en jy gaan my nie van mening oortuig nie. Huweliksmaats verstaan nie altyd dat albei se idees, of begrip van 'n probleem, tegelykertyd reg kan wees nie.
- Lewensmaats verstaan nie en weet nie wat die reëls is om konflik op 'n gesonde en intieme manier aan te pak, suksesvol deur te voer en uiteindelik 'n oplossing te vind nie.

Vervolg op bladsy 13 . . .

- Die onvermoë om as 'n span te funksioneer. In die hedendaagse kultuur word daar 'n hoë premie op onafhanklikheid en eie identiteit geplaas. Mense wil hulle onafhanklikheid in so 'n mate beskerm dat hulle nie meer weet hoe om binne die huwelik as 'n span te funksioneer nie.
- Die onvermoë om met mekaar te onderhandel en tot 'n vergelyk te kom.
- Die geloof dat daar nooit konflik mag wees nie en indien daar wel dan konflik voorkom, is daar groot fout en dan is egskeiding die enigste uitweg.
- Die huwelik gaan uitsluitlik daaroor om gelukkig te wees. Geluk is belangrik, maar die persoonlike groei, innerlike sterkte en wysheid wat ontwikkel a.g.v. die uitdagings, is nog kosbaarder.
- Mense verstaan ook nie dat wanneer hulle haaks raak met mekaar, die geskil dikwels op 'n dieper vlak lê nie. Dit gaan oor waardes en onderliggende behoeftes en dis juis dié aspekte in verhoudings wat egpare nalaat om te bespreek en begrip vir mekaar te ontwikkel.

Hoe nou gemaak? Jy lees die artikel en besef dalk dat jou huwelik ernstige skaafwerk benodig. Waar begin jy en wat staan jou te doen?

Jy en jou maat is nie alleen nie. Die Stellenberg Terapiesentrum, asook baie sielkundiges en beraders in die omgewing, fokus op die ondersteuning van gesins- en huweliksverhoudings. Daar is effektiewe en doeltreffende hulp beskikbaar. Moenie wag tot dit te laat is en dan eers vir hulp begin soek nie. Hoe gouer julle professionele en objektiewe hulp bekom, hoe vinniger kan die verhouding weer herstel.

Stellenberg-gemeente bied ook gereeld kursusse vir getroudes en mense wat in langtermynverhoudings is, aan. Daar vind ongelooflike gesprekke tydens die kursusse plaas en egpare of lewensmaats ervaar sonder uitsondering verdieping in hul verhoudings.

Ek wil ook beklemtoon dat verloofdes 'n huweliksvoorbereidingskursus moet deurloop. Julle sal onontbeerlike vaardighede leer waarby julle verhouding net kan baatvind. Dit bied ook die geleentheid om jou maat op 'n dieper vlak te leer ken.

Ek sluit af met die voorstel dat indien jy en jou maat vir meer as twee maande oor 'n bepaalde saak vassit – maak 'n afspraak met 'n terapeut wat julle kan help om dit deur te praat en tot 'n vergelyk te kom. Moenie langer as dit wag voordat jy om hulp aanklop nie.

| Rudolph van Schoor is 'n lewensafrigter, traumaberader en bestuurder van die Stellenberg Terapiesentrum.

# Opwindende nuwighede by die kategese

Deur: Ds. Marius Schoombie

Stellenberg se kategeseprogram is reeds goed op dreef, met meer as 400 inskrywings wat tot op hede ontvang is. Die jaar wat voorlê, beloof om 'n opwindende jaar te wees waartydens ons laer- en hoërskoolkinders op hulle onderskeie geloofsreise wil begelei, aan die hand van nuwe materiaal wat vir beide junior- en seniorkategesegroepe ontwikkel is.

**AnniBrand Junior-kategese (graad 1 tot 7)**

Die nuwe jeugfokusprogram word vanaf 2023 by die junior kategese geïmplementeer. Die materiaal is deur die kategese-taakspan van die Algemene Sinode en Bybelmedia ontwikkel en is op die verloop van die kerklike jaar geskoei.

Die nuwe reeks kombineer gemengde leermetodes soos aanlyn onderrigmateriaal, interaktiewe geleenthede in die erediens, asook huisgeloof, wat die meer tradisionele groepsgesprekke en gedrukte lesmateriaal behels. Kinders se geloof sal gevolglik nie net tydens kategesesessies gevorm word nie, maar ook tydens eredienste en informele gesprekke in die huis. Families kan gerus ook by ons WhatsApp-groep, waarop gespreksriglyne weekliks gedeel word, aansluit.

Junior kategese vind tydens skoolkwartale, na afloop van die oggenddiens, om 10:00-10:45 plaas. 'n Spesiale uitstapdiens word op die laaste Sondag van die derde kwartaal tydens die familiediens vir die graad 7-groep aangebied. Tydens dié diens word die groep se oorgang van junior na senior kategese gevier en hulle sluit dan ook vanaf die vierde kwartaal by die aanddiens en die Annibrand Senior-groep aan.




**AnniBrand Senior-kategese (graad 8 tot 11)**

Sedert die begin van 2023 word die Lig-app ingespan om kategese relevant en vars aan te bied. Wat kan meer in die kol wees as om 'n tiener van Bybelse materiaal op sy/haar selfoon te voorsien?

**Hoe werk die nuwe Lig-App**

Elke tiener wat vir kategese registreer, laai dié selfoontoepassing op sy/haar selfoon af en ontvang 'n persoonlike profiel. Weeklikse lesmateriaal wat gedurende die week voltooi moet word, word op die toepassing beskikbaar gestel. Die voltooiing van die lesmateriaal vestig sodoende daaglikse stiltetyd as 'n gesonde geloofsgewoonte by tieners.

Vervolg op bladsy 15 . . .

Die materiaal is geskik om deur die hele gesin tydens huisgeloof-sessies benut te word. Op Sondagaande word die week se lesmateriaal by kleingroepbyeenkomste bespreek en aangesien almal voorbereid is danksy die materiaal wat op die toepassing verskaf is, kan tieners ook insette lewer oor hulle eie interpretasie van die lesmateriaal.

Omdat lesse op mekaar voortbou, word die nuwe lesmateriaal op die toepassing slegs vrygestel indien die vorige week se les voltooi is. Ouers sal ook deur middel van 'n maandelikse vorderingsverslag op hoogte gehou word oor hulle kinders se afhandeling van die lesmateriaal.

**Wat beteken dit vir belydenisaflegging?**

Ons beskou nie belydenisaflegging as die voltooiing van 'n gelowige se geloofsreis nie, maar dit dien as 'n belangrike roetemerker om rigting te bied vir die geloofspad wat voorlê. Dit is 'n geleentheid waar jongmense hulle tot die gemeente en God se kerk verbind en daarom is dit vir ons belangrik dat jongmense die inhoud van die belydenis verstaan en dit hulle eie maak. Jongmense wat belydenis van geloof wil aflê, word aangemoedig om minstens 'n jaar lank die lesmateriaal op die Lig-toepassing te voltooi, asook om aan Sondagaande se kleingroepbyeenkomste deel te neem.

**Wat van tieners wat nie die kategesegroepe kan bywoon nie?**

Ons wil graag in die eerste instansie almal aanmoedig om die kategesegroepe na afloop van die aanddiens by te woon, aangesien kleingroepgesprekke die hart van ons kategeseprogram bly. Indien dit egter weens omstandighede nie vir jou moontlik is om die groepe by te woon nie, registreer steeds op die Lig-toepassing en voltooi die lesmateriaal wat aangebied word op jou eie, of saam met jou gesin. Kontak gerus die jeugkantoor by sunet@stellenberg.co.za indien jy so 'n reëling moet tref.

Ons span vrywilligers wat Sondae help met die fasilitering van die kategese, speel 'n onontbeerlike rol in die aanbieding van 'n suksesvolle kategeseprogram. Ons wil graag ouers en ander lidmate met 'n passie vir kinders nooi om by ons kategeseprogram betrokke te raak. Daar is verskeie take en rolle waar individue hulle onderskeie gawes kan uitleef. Vir meer inligting, of om betrokke te raak, kontak gerus vir Brenda by brenda@stellenberg.co.za.






# Om kunsmatige intelligensie en godsdiens te versoen

Deur: Dr. Dirk Brand

'n Mens mag dalk wonder wat het kunsmatige intelligensie met godsdiens te doen? Kunsmatige intelligensie (KI) is lankal nie meer net die domein van slim rekenaarwetenskaplikes nie. Dit is tegnologie wat feitlik elke faset van die mens se bestaan raak, trouens, dit het 'n radikale effek op die hele gemeenskap. Godsdiens is ook meer as bloot dit wat 'n mens glo, maar sluit 'n bepaalde lewensuitkyk, waardes, geloofspraktyke en leefstyl in. KI, soos ander tegnologiese ontwikkelinge, is dus iets wat baie relevant is vir elke godsdiens. Die vraag is hoe kan KI op 'n etiese en verantwoordelike wyse ontwikkel en gebruik word tot voordeel van die mens?

KI kan beskryf word as die teorie en ontwikkeling van rekenaarstelsels wat in staat is om take te verrig wat gewoonlik met menslike intelligensie verbind word, soos visuele persepsie, spraakherkenning, besluitneming en vertaling tussen verskillende tale. 'n Onderafdeling van KI is masjienleer (ML), wat die algoritmiese prosesse beskryf wat deur rekenaars gebruik word om patrone in data te identifiseer, voortdurend te leer, voorspellings gegrond op data te maak en dan die nodige aanpassings te maak sonder dat dit spesifiek so geprogrammeer is.

Daar is reeds 'n magdom toepassings van KI wat baie van ons daagliks gebruik. Dink maar aan jou slimfoon wat op Google Maps vir jou die kortste roete na 'n bestemming moet vind, of 'n toepassing op jou foon of rekenaar wat aanbevelings oor produkte waarin jy moontlik belang sou stel, maak.



Die gebruik van Uber en Airbnb om maklik en vinnig vervoer en verblyf te bespreek, is ander toepassings van KI wat algemeen bekend is.

Die toepassing en gebruik van KI in verskillende lewensterreine groei teen 'n verstommende tempo. Dit hou baie voordele vir die mensdom in, bv. vinniger en meer akkurate diagnose van spesifieke mediese toestande, makliker en beter monitering van ons persoonlike gesondheid en meer akkurate boerderyprosesse, om maar enkele voorbeelde te noem. Daar is egter ook gevare of risiko's verbonde aan die gebruik van KI, bv. vooroordeel en diskriminasie, inperking van vryheid van beweging en spraak, asook die skending van die reg op beskerming van persoonlike data. Die gebruik van gesigsherkenningsprogramme is al geruime tyd onder die vergrootglas omdat dit tot onbillike gevolge kan lei en ook sekere menseregte skend.

Vervolg op bladsy 17 . . .

Daar is ook ander toepassings van KI wat omstrede is, bv. ’n sagtewareprogram in Nederland wat mense se aanspraak op ’n maatskaplike toelae moes bepaal, moes later gestaak word, aangesien die algoritme op ’n foutiewe databasis, wat mense van spesifieke rasse benadeel het, gebaseer was. Selfbestuurvoertuie is ’n ander voorbeeld van KI wat voordelig kan wees, maar wat ook risiko’s inhou.

Die soeke na etiese KI is reeds die laaste paar jaar al op die agenda van verskillende internasionale organisasies, soos die Verenigde Nasies, UNESCO en die Europese Unie. Dit het gelei tot ’n groot aantal beleidsdokumente en enkele wetgewende voorstelle (bv. die AI Act in die Europese Unie) om etiese KI as norm te kan vestig.

In Januarie vanjaar het ’n unieke byeenkoms van die die grootste monoteïstiese godsdienste in die Vatikaanstad in Rome plaasgevind, getiteld AI Ethics: An Abrahamic commitment to the Rome Call. Die byeenkoms onder voorsitterskap van aartsbiskop Paglia van die Vatikaan, het hooggeplaaste verteenwoordigers van die Katolieke Kerk, Judaïsme, Islam en verteenwoordigers van tegnologiereuse soos Microsoft en IBM, ingesluit. Dit is egter sover ek weet, die eerste hoëvlakbyeenkoms van die bogenoemde drie godsdienste om oor die kwessie te besin. Die uiteinde van die byeenkoms in Rome was ’n gesamentlike verklaring waarin die belangrikheid van menswaardigheid, vryheid, en ’n etiese raamwerk vir die ontwikkeling en gebruik van KI, bevestig is. Etiese beginsels in hierdie verklaring, soos deursigtigheid, inklusiwiteit, verantwoordelikheid en beskerming van privaatheid, word ook in ander internasionale beleidsdokumente oor etiese KI gevind. Die KI-verklaring behoort binne die domein van die drie godsdienste wye ondersteuning te geniet, maar is ook vir die protestantse kerke wêreldwyd netso relevant. Dit is dus nodig dat openbare debat hieroor ook in protestantse kerke moet plaasvind.

Die konsep van etiese KI het reeds wye aanklank in die wêreld gevind, en wetgewing wat daarop gebaseer is, sal toenemend die norm wees. Etiese KI moet tot voordeel van die mens ontwikkel en gebruik word, maar dit beteken onder andere dat dit egter nie tot nadeel van individue of die gemeenskap mag wees nie, dat die reg op privaatheid beskerm moet word, en dat die erkenning van beginsels soos deursigtigheid en verantwoordbaarheid moet geld. Dit is beginsels wat in pas is met die Christelike geloof en behoort dus deur gelowiges ondersteun te word.

Tegnologie, en spesifiek KI in verskillende vorme, is deel van ons lewens en sal toenemend ’n belangrike rol speel. Die uitdaging is om KI tot voordeel van die mens te ontwikkel en dit voortdurend binne ’n algemeen aanvaarbare etiese raamwerk aan te wend.

| Dirk Brand is leierouderling van die gemeente, onafhanklike regskonsultant en buitengewone senior lektor by die Universiteit van Stellenbosch.